

### Die onverdeelde trou van die Here die Almagtige

’n Mens deins terug voor die rykdom van hierdie Skrifgedeelte. Dit is ’n onuitputlike rykdom, want dit gaan hier oor die koms van ons Verlosser (vs 1-4), die *name* van ons Verlosser (vs 5) en die *regering* van ons Verlosser (vs 6). Dit is sake wat ons tot in ewigheid sal bewonder en besing!

Tog kom hierdie ewige rykdom met verstommende eenvoud. Die kontras tussen eenvoud en diepte in hierdie Skrifgedeelte is eintlik te groot vir ons verstand. Die vuur wat alle oorlogstoerusting sal verteer (vs 4), is die geboorte van ’n baba! Dit is ’n seuntjie wat “Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader en Vredevoers” is (vs 5)! ’n Kind is die ewige Koning met ’n ewige ryk vol vrede, voorspoed, reg en geregtigheid (vs 6)! Die onbegryplik Grote word waar in die geboorte van ’n Kleine.

God se “onverdeelde getrouheid”, sy “ywer” (OAV) vir ons, maak alles moontlik (vs. 6). Vir God is sy verhouding met sy uitverkorenes heilige erns. Hy plaas Homself op die spel in hierdie verhouding. Hy spits Hom volledig daarop toe om jou te red. Hiervoor sal God wêreld en werklikhede verskuif. Juis dít gebeur wanneer Hy, die oneindige God, Skepper van alle dinge, Homself so klein maak dat Hy uit ’n vrou gebore word.

As die wêreld vandag vir jou te klein word, vergeet dan nie dat die groot God in hierdie wêreld ingekom hét nie. Vir Hom was dit nie te veel gevra om jou werklikheid sy werklikheid te maak nie, sodat, deur geloof in sy getrouheid, sy werklikheid jou werklikheid kan word. Deur die onverdeelde trou van God kán daar dus vandag (ook in jou lewe) iets van die grootheid van sy regering sigbaar word.

*Sing: Skrifberyming 4-3:1-3*

*Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*